# VOLG MY

# Deel 3 – Fyn Skrif

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Hoe het jy as kind gedroom sou jou volwasse lewe lyk? Hoe stem jou huidige situasie en jou drome ooreen?**

---

---

---

**Deel met jou groep van 'n keer wat jy geweet het jy moet iets doen wat moeilik was. Het jy dit gedoen? Hoe het dit uitgespeel?**

---

---

---

**Het jy al ooit gesien hoe iemand 'n prys betaal vir sy/haar keuse om Jesus te volg? Hoe het daardie persoon se situasie jou eie geloof beïnvloed?**

---

---

---

**Het jou geloof jou al ooit iets gekos? Indien wel, hoe het dit jou verhouding met God verander?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Markus 8:31-33. Op watter manier het jy al ervaar dat dit meer oor jou wil as God se wil gaan in sekere besluite wat jy geneem het?**

---

**Op watter manier het jy dit probeer regverdig?**

---

**Wat dink jy is die uiteinde as ons meer gefokus is op ons wil as God se wil?**

---

**Markus 8:34. Op watter manier het jy al ervaar dat jy jouself verloën het of vir jouself moes nee sê om Jesus te volg?**

---

**Hoekom dink jy is dit soms so moeilike om vir jouself nee te sê en Jesus te volg?**

---

**Wat druk die Here tans op jou hart om te doen – iets wat jy moet staak, begin, sê of gee? Hoe kan jou groep jou ondersteun?**

---

**Lees Markus 14:32-36. Wat wek tans angs by jou oor wat jy moet doen? Hoe kan jy hierdie gebed bid vir jou huidige situasie? Skryf 'n gebed vir die Here neer.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**